# LAERSKOOL VOLSCHENK

**LIEFDE ♦ VREUGDE ♦ RESPEK ♦ TROTS**

## OOREENKOMS T.O.V. BETALING VAN ONDERRIGGELD: 2020

Na afloop van die begrotingsvergadering is die begroting vir 2020 goedgekeur. Graag gee ons die volgende inligting aan u deur: **Alle ouers wat in 2020 'n kind in die skool gaan hê moet asseblief die vorm voltooi.** Dit is baie belangrik dat u die korrekte inligting vir ons deurgee, aangesien ons volgende jaar rekeninge elektronies aan u gaan stuur.

Die volgende in die begroting is goedgekeur

1. Die totale onderriggeld vir **2020** kan ten volle betaal word teen **28 Februarie 2020**. U ontvang dan die korting en betaal slegs **R8 565** (7.50% afslag) in plaas van **R9 260** per leerder.

2. Vier kwartaallikse paaiemente van **R2 315** betaalbaar aan die begin van elke kwartaal.

3. Tien maandelikse paaiemente van **R926** elk per kind, betaalbaar volgens die datum op die rekening. Die laaste paaiement moet teen **30 Oktober 2020** vereffen wees. Die totale uitstaande skoolfonds van die balans word onmiddellik betaalbaar en opeisbaar, indien enige paaiement nie op die vervaldag betaal is nie.

4. **SKRYFBOEKPAKKET - R275 per leerder per jaar (Verpligtend vir alle leerders)**
   **Hierdie is 'n nuwe toevoeging tot die skool. In die verlede is die gelde ingewerk by die begroting. Die inwerking het meegebring dat ouers wat skoolgeld betaal, kinders subsidieer, van ouers wat nie skoolgeld betaal nie. Volgens wet is die skool verantwoordelik om handboeke aan leerders te gee, maar nie skrybehoeftes, skryfboeke en afrolwerk nie.**
   **Indien u kind in 2020 ingeskryf by Laerskool Volschenk gaan wees, moet u asseblief die betaling by die huidige klasonderwyser voor 15 Januarie 2020 doen. Indien u versuim om die gelde te betaal gaan u kind geen skryfboeke of afrolstukke ontvang nie.**

Wardenstraat, Riversdal
Posbus 477, Riversdal, 6670
Tel: 028 713 1064
Faks: 028 713 3840
Epos: ontvangs.volschenk@gmail.com

Skoolhoof: Mnr Louis Lategan
Epos: volliehoof@gmail.com
Webtuiste: www.vollies.co.za